
GENERAL NOTICES • ALGEMENE KENNISGEWINGS

DEPARTMENT OF JUSTICE AND CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT**NOTICE 622 OF 2019****PUBLICATION OF EXPLANATORY SUMMARY OF THE PRESCRIPTION IN CIVIL AND CRIMINAL MATTERS (SEXUAL OFFENCES) AMENDMENT BILL, 2019**

1. Notice is hereby given in terms of Rule 276(1)(b) of the Rules of the National Assembly that the Minister of Justice and Correctional Services intends to introduce the Prescription in Civil and Criminal Matters (Sexual Offences) Amendment Bill, 2019, in the National Assembly shortly.

2.1 The explanatory summary of the Bill is hereby published in accordance with Rule 276(1)(c) of the Rules of the National Assembly.

2.2 The Prescription in Civil and Criminal Matters (Sexual Offences) Amendment Bill aims to amend the Prescription Act, 1969 (Act No. 68 of 1969), so as to extend the list of sexual offences in respect of which prescription does not commence to run under certain circumstances in respect of a debt based on the alleged commission of any of those sexual offences; to amend the Criminal Procedure Act, 1977 (Act No. 51 of 1977), so as to extend the list of sexual offences in respect of which a prosecution may be instituted after a period of 20 years has lapsed since the date of the alleged commission of a sexual offence; and to provide for matters connected therewith.

3. Copies of the Bill can be found on the websites of the Department and Parliamentary Monitoring Group at <http://www.justice.gov.za> and <http://www.pmg.org.za> and, after introduction, may also be obtained from: Government Printers: Cape Town (Telephone number: (021) 465-7531).

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING**KENNISGEWING 622 VAN 2019****PUBLIKASIE VAN VERDUIDELIKENDE OPSOMMING VAN DIE WYSIGINGSWETSONTWERP OP VERJARING IN SIVIELE EN STRAFREGTELIKE AANGELEENTHEDE (SEKSUELE MISDRYWE), 2019**

1. Kragtens Reël 276(1)(b) van die Reëls van die Nasionale Vergadering word hiermee kennis gegee dat die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste beoog om die Wysigingswetsontwerp op Verjaring in Siviele en Strafregtelike Aangeleenthede (Seksuele Misdrywe), 2019, eersdaags in die Nasionale Vergadering in te dien.

2.1 Die verduidelikende opsomming van die Wetsontwerp word hierby ooreenkomstig Reël 276(1)(c) van die Reëls van die Nasionale Vergadering gepubliseer.

2.2 Die Wysigingswetsontwerp op Verjaring in Siviele en Strafregtelike Aangeleenthede (Seksuele Misdrywe), 2019, het ten doel om die Verjaringswet, 1969 (Wet No. 68 van 1969), te wysig, ten einde die lys van seksuele misdrywe uit te brei ten opsigte waarvan verjaring onder sekere omstandighede nie begin loop nie ten opsigte van 'n skuld wat gegrond is op die beweerde pleging van enige van daardie seksuele misdrywe; tot wysiging van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), ten einde die lys van seksuele misdrywe uit te brei ten opsigte waarvan 'n vervolging ingestel kan word nadat 'n tydperk van 20 jaar verloop het vanaf die datum van die beweerde pleging van 'n seksuele misdryf; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

3. Afskrifte van die Wetsontwerp kan op die webtuistes van die Departement en Parlementêre Moniteringsgroep by <http://www.justice.gov.za> en <http://www.pmg.org.za> gevind word en kan, na indiening, ook verkry word van: Staatsdrukkers: Kaapstad (Telefoon nommer: (021) 465-7531).